Hoe om die Geskiedenis van die Afrikaner te doen

Gebruik ‘n werkstuk om die geskiedenis van die Afrikaner te doen. ‘n Lys van datums word gegee. Die datums moet dan ingevul word.

? Stappe

1. Fotostateer die volgende bladsy en deel die werkstuk oor die Geskiedenis van die Afrikaner uit.
2. Laat elke spanlid die werkstuk voltooi.
3. Gaan saam met die spanlede die werkstuk deur en kyk of hulle antwoorde korrek was.

Die Geskiedenis van die Afrikanervolk.

Om ‘n Afrikaner te wees moet jy weet wie die Afrikaner is en waar die Afrikaner vandaan kom.

Gebruik die volgende datums en voltooi die ontbrekende gedeeltes 1 tot 10.

27 Februarie 1881
1988 tot 1994
1836
6 April 1652
1938 tot 1988
16 Desember 1838
1899
1838
1996
1994
31 Mei 1902
1902 en 1938

1. Jan van Riebeeck word as stigter gestuur en daag _____ op.
2. In _____ begin die spanningsvolle verhaal van die Voortrekkers. Piet Retief word in _____ deur Dingaan, die Zoeloe-koning, se krygers doodgemaak. Op _____ word die Slag van Bloedrivier geveg en Geloftedag het sy ontstaan.
3. Op _____ word die Slag van Amajuba beslis en hulle eerste oorwinning wat hulle as Afrikanergroep behaal het, word gevier.
4. Goud word 'n belangrike rede vir die uitbreek van die Anglo-Boereoorlog in _____ - 'n oorlog wat die Boere 'n samehorigheidsgevoel gee.
5. Op _____ word Die Vrede van Vereeniging gesluit.
6. Tussen _____ kom die Afrikanervolk op sy eerste wankelrige bene. Baie vooruitgang en terugslae word in die tydperk beleef.
7. Vanaf _____ beleef die Afrikaner ‘n bloeitydperk. Die Afrikaner word ‘n sterk volk.
8. Die tydperk vanaf _____ staan bekend as die val van Apartheid.
9. In _____ word die eerste demokratiese verkiesing in Suid-Afrika gehou en die ANC kom aan bewind.
10. In plaas van ondergaan het die Afrikanervolk egter vanaf ongeveer _____ ‘n oplewing begin toon wat duidelik te sien is in die groot hoeveelheid Afrikaanse kunstefeeste en die oplbloei in die Afrikaanse musiekbedryf.

Memorandum

1. Jan van Riebeeck word as stigter gestuur en daag **6 April 1652** op.
2. In **1836** begin die spanningsvolle verhaal van die Voortrekkers. Piet Retief word in **1838** deur Dingaan, die Zoeloe-koning, se krygers doodgemaak. Op **16 Desember 1838** word die Slag van Bloedrivier geveg en Geloftedag het sy ontstaan.
3. Op **27 Februarie 1881** word die Slag van Amajuba beslis en hulle eerste oorwinning wat hulle as Afrikanergroep behaal het, word gevier.
4. Goud word 'n belangrike rede vir die uitbreek van die Anglo-Boereoorlog in **1899** - 'n oorlog wat die Boere 'n samehorigheidsgevoel gee.
5. Op **31 Mei 1902** word Die Vrede van Vereeniging gesluit.
6. Tussen **1902 en 1938** kom die Afrikanervolk op sy eerste wankelrige bene. Baie vooruitgang en terugslae word in die tydperk beleef.
7. Vanaf **1938 tot 1988** beleef die Afrikaner ‘n bloeitydperk. Die Afrikaner word ‘n sterk volk.
8. Die tydperk vanaf **1988 tot 1994** staan bekend as die val van Apartheid.
9. In **1994** word die eerste demokratiese verkiesing in Suid-Afrika gehou en die ANC kom aan bewind.
10. In plaas van ondergaan het die Afrikanervolk egter vanaf ongeveer **1996** ‘n oplewing begin toon wat duidelik te sien is in die groot hoeveelheid Afrikaanse kunstefeeste en die oplbloei in die Afrikaanse musiekbedryf.

☺ Wenke

1. Onthou om penne te bring vir die voltooiing van die werkstuk.
2. Kry ‘n spreker of geskiedkundige om die onderwerp te bespreek.
3. Druk die woorde van die liedjie uit en sing lekker saam. Die liedjie is ook op die Voortrekker CD *Kom sing saam met die Voortrekkers* 1.

DAAR IS ‘N LAND IN DIE SUIDE

Daar is ‘n land in die suide waar jy my sal kry
Daar’s ‘n land in die suide hy sal bobaas bly
Dis die land vol beloftes waarop ek so baie trots is
En ek strewe na vrede in my Suid-Afrika.

REFREIN

SUID-AFRIKA (my land my mense my eie moedertaal)
SUID-AFRIKA (hier waar die springbok sy ruimte kan bepaal)
SUID-AFRIKA (jy met jouveldblom proteas teen die hange
die bokmakierie kierie-kierie in die laning.)

Daar’s ‘n land in die suide
wat sy man kan staan
Daar’s ‘n land in die suide
jy moet soontoe gaan
Dis ‘n land vol beloftes
waarop ek so baie trots is
Dis my land in die suide my land Suid-Afrika.

REFREIN

SUID-AFRIKA (my land my mense my eie moedertaal)
SUID-AFRIKA (hier waar die springbok sy ruimte kan bepaal)
SUID-AFRIKA (jy met jouveldblom proteas teen die hange
die bokmakierie kierie-kierie in die laning.)

Daar's 'n land in die suide
waar die son altyd skyn
Daar's 'n land in die suide
met plek vir groot en klein
Dis 'n land vol beloftes
waarop ek so baie trots is
En hier bly ek tevrede in my Suid-Afrika.

REFREIN

SUID-AFRIKA (my land my mense my eie moedertaal)
SUID-AFRIKA (hier waar die springbok sy ruimte kan bepaal)
SUID-AFRIKA (jy met jouveldblom proteas teen die hange
die bokmakierie kierie-kierie in die laning.)

Daar's 'n land in die suide tussen berg en see
Daar's 'n land in die suide
wat my blydskap gee
Dis 'n land vol beloftes
waarop ek so baie trots is
Dis my land in die suide my land Suid-Afrika.

REFREIN

SUID-AFRIKA (my land my mense my eie moedertaal)
SUID-AFRIKA (hier waar die springbok sy ruimte kan bepaal)
SUID-AFRIKA (jy met jouveldblom proteas teen die hange
die bokmakierie kierie-kierie in die laning.)

☠ Waarskuwings

1. Die geskiedenis van die Afrikaner is kortliks gedoen. Kyk na die verkennerlewe vir 'n meer volledige perspektief of lees die boek Uitdaging & Antwoord: 'n Vars perspektief op die evolusie van die Afrikaners - Jackie Grobler.

🕮 Bronne

1. Verkennerlewe